
# Hoofstuk van die dag: Esegiël 20

> *Maar Ek het My bedwing en gedoen wat die eer van my Naam vereis het. Ek wou nie dat my Naam oneer aangedoen word voor*

*die nasies voor wie se oë Ek my volk uit Egipte gebring het nie. (Eseg 20:22)*

In hoofstuk 14, toe die Joodse leiers ook die Here deur Esegiël wou raadpleeg, het hulle dieselfde afwysende antwoord van God gekry. Jy kan nie, terwyl jy ontrou aan die Here leef, verwag dat Hy jou sal antwoord as jy Hom raadpleeg nie (vers 31; vgl Jak 4:3).
Die Here se reputasie onder mense hou direk verband met hoe gelowiges leef. Vir baie ongelowiges is ons, Christene, die enigste getuies oor God en sy liefde vir die wêreld. Jesus het dit só gestel (Matt 5:14): "Julle is die lig vir die wêreld." Dáárom het God daarteen besluit om Israel te vernietig, want as Israel verdwyn, was daar nie meer getuies wat hulle na Hom kon lei nie (vgl Jes 49:6).
Ons moet goed begryp hoe belangrik ons getuienis in die wêreld is. Hoe ons leef, raak nie net ons verhouding met God nie; dit raak ons boodskap na die wêreld. Ons ís die boodskap. Sonder ons sal die wêreld van God vergeet.

---




- Tuisblad
- Rubrieke
    - Bybelkarakters
    - Preke
    - Gebede
    - Soos ek dit sien
    - Lees die Bybel saam met my
    - Kortverhale
    - Wag op die Here!


# Hoofstuk van die dag: Esegiël 19

> *Jy moet hierdie treurlied sing oor die konings van Israel. (Eseg 19:1)*

Die treurliedere oor die leeuwelpies (vers 2-9) en die wingerdstok (vers 10-14) handel oor die laaste konings van Juda. Die leeuwyfie is die koningshuis van Juda, en die twee welpies is Joahas (2 Kon 23) en Jojakim (2 Kron 36:6), wie se regering deur farao Neko van Egipte en koning Nebukadnesar onderskeidelik beëindig is.
Sedekia was die laaste koning van Juda. Hy word met 'n wingerdloot vergelyk wat in hoogmoed te hoog gegroei het (vers 11). Ook sý bewind is wreed kortgeknip (vers 12, vgl 2 Kon 25:2-7). Uiteindelik slaan die wingerdstok aan die brand (vers 14). Die Dawid-dinastie, waarsku Esegiël, sou binnekort doodloop.

Hoogmoed, wreedheid, magsbeheptheid en ontrou aan die Here is 'n resep vir vernietiging. Juda, eens 'n juweel onder die nasies, sal nie bly staan nie, sê Esegiël. Die lied is nie leedvermakerig oor hulle verdiende loon nie. Dis 'n treurlied oor 'n koningshuis wat nie aan hulle roeping getrou was nie. God treur oor die oordeel wat Hy oor sy volk moes bring.
God gee nie net nie; Hy kan ook neem. Die lied is 'n wekroep om te doen wat reg is en om in trou aan die Here te leef.

---




- Tuisblad
- Rubrieke
  - Bybelkarakters
  - Preke
  - Gebede
  - Soos ek dit sien
  - Lees die Bybel saam met my
  - Kortverhale
  - Wag op die Here!
- Potgooi van preke
- Meer oor …
  - Jaco se Bybelkoerant
  - Die Bybelkoerant-konsep
  - Jaco Thom
  - My boeke
  - Bekendstellingsvideo
  - Privaatheidsbeleid
  - Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting
  - Bankbesonderhede
- Boeke te koop
- Aanlynwinkel

# Hoofstuk van die dag: Esegiël 18

> *Die woord van die Here het tot my gekom: "Waarom gebruik julle in die land Israel hierdie spreekwoord: 'Die vaders eet groen druiwe, en dan word die kinders se tande stomp'?" (Eseg 18:1-2)*

Die lewe is nie regverdig nie. Jy weet dit. In Adam Small se gedig "Die Here het gaskommel" beskryf hy die skeefheid van die lewe treffend: "die Here het gaskommel en die dice het verkeerd geval vi' ons …" Dis hoe die ballinge ook geredeneer het: hulle sit met die gemors wat hulle ouers veroorsaak het (vers 2).

Só 'n slagoffer-mentaliteit bring jou egter nie ver nie. In Small se gedig word dit die verskoning vir verkeerde keuses. En in Esegiël se tyd sit die ballinge hulleself en bejammer.

Dalk het die dice vir jou ook verkeerd geval. Wie blameer jy vir jou probleme? Esegiël sê jy kan nie jou eie ellende net so op jou ouers pak nie. Jy is self verantwoordelik voor God vir jou keuses (vers 4b-5). As jy met integriteit en opregtheid voor die Here leef, tel jou agtergrond nie, en jou ouers se verkeerde keuses ook nie. Gryp God se aanbod aan: Hy wil dat niemand moet sterf nie. Hy wil dat jy leef (verse 23 en 32).

---


# Hoofstuk van die dag: Esegiël 17

*Al die bome in die veld sal weet dat Ek die Here is. Ek maak groot bome klein en klein boompies groot, Ek laat groen bome*

*verdroog en droë bome bot. Ek, die Here, het dit gesê en Ek sal dit doen. (Eseg 17:14)*

Die fabel van die wingerdstok, die seder en die arende (vers 1-10) word heeltemal duidelik uit die verklaring in vers 11-21. Die koning van Israel, wat deur Nebukadnesar in die plek van Jojagin aangestel is, het sy kaarte verkeerd gespeel. In plaas van by die verdrag met Babel te hou, vry hy na Egipte. Dit sal sy einde beteken, sê die Here (vers 16-21).
Leiers se politieke speletjies, eiebelang en korrupsie (klink dit nie bekend nie?!) is nie die antwoord nie. Moet op prinse nie vertrou nie, sing ons mos in Ps 146. Ons heil lê nie by mense nie. Dit lê by God. Hý kan situasies, hoe hopeloos ook al, omkeer en nuut begin. Hý verander die lotgevalle van mense en bring die hoogmoediges tot 'n val. Hy laat die onwaarskynlike gebeur. Onder sy gesag verdroog groen bome en word klein boompies groot. Hy bring nuwe lewe waar ons dit nie verwag nie. Droë bome laat Hy bot (vers 14).
Dis mos die evangelie!

---



# Hoofstuk van die dag: Esegiël 16


> *Jy het jou gedra soos 'n skaamtelose hoer. (Eseg 16:30b)*

Hierdie is die langste hoofstuk in die boek. Esegiël gebruik die metafoor van die huwelik en huweliksontrou om die Jode se ontrou teenoor die Here bloot te lê. Onthou dat huweliksontrou 'n metafoor vir afgodsdiens is.
Esegiël spel in geen onduidelike beelde nie die aakligheid van die Jode se afgodsdiens uit. Hy begin daar waar God Hom ontferm oor Jerusalem, 'n weggooikind (vers 4-5). Deur God se troue liefde en vertroeteling het hierdie weggooikind 'n pragtige jong vrou geword (vers 7-8). En dan die teleurstelling: die Jode gooi God se liefdevolle sorg in sy gesig terug en hoereer met al wat 'n afgod is. Die grafiese beelde wat Esegiël oproep, is walglik en skok 'n mens se vroom gemoed. Maar dit is wat die mens se ontrou aan God doen.

Gelukkig eindig die verhaal nie daar nie, want God gee nie sy mense maklik prys nie. Daarom belowe Hy verbondsherstel en -vernuwing (vers 60) met die einste mense wat Hom verlaat het. En hierdie keer waarborg Hyself die blywende krag daarvan (vers 62).

Op Golgota het hierdie belofte van God waar geword. Hy het Hom met ons versoen ten spyte van wat ons gedoen het (vers 63; vgl Rom 5:8).

---



# Hoofstuk van die dag: Esegiël 15

> *So sê die Here my God: "Van al die hout gooi Ek die wingerdhout in die vuur om te brand en so maak Ek met die inwoners van Jerusalem. (Eseg 15:6)*

Die wingerdstok is dwarsdeur die Ou Testament 'n toonbeeld van verlossing en oorvloedige vreugde (vgl Ps 80:9). Daar is egter ook gedeeltes waarin die wingerd (Israel) die hemelse Wynboer diep teleurgestel het (Jes 5:1-7 en Jer 2:21). Esegiël bou op hierdie beeld voort en verdiep dit. Dis nie net die druiwe wat suur is nie, sê hy. Die wingerdhout is onbruikbaar, en al waarvoor dit deug, is brandhout.
Vir die Israeliete moes dit 'n ontstellende woord gewees het. Nie lewe, groei en genade (soos die wingerd gesimboliseer het) nie, maar God se oordeel en vernietiging.
Hierdie woorde vra selfondersoek en vernuwing, ook van ons. Sonder vrug is ons lewens nutteloos. God soek by ons toewyding aan Hom, soos Jesus so treffend uitgespel het in Joh 15:1-8. Hy leer ons dat ons net vrugbaar in die koninkryk kan wees as ons innig aan Hom verbonde bly, want sonder Hom kan ons niks doen nie (Joh 15:5). Dit is hoe ons die Vader verheerlik (vers 8).
Nie op jou eie nie, maar ingeënt op die Wingerdstok. Só dra jy vrug.

## Onlangse Bydraes


- Dawid, die skaapwagter

## Argief



© Bybelkoerant 2018 – 2026